BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — WINDHOEK — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 26 Maart 1982 — Friday 26 March 1982 — No. 4609

INHOUD:

CONTENTS:

*Bladsy*

**GOEWERNEMTSKENNISGEWING**

No. AG. 41 Wysiging van Regulasies betreffende Natuurbewaring. 1

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE**

No. AG. 41 Amendment of Regulations relating to Nature Conservation. 1

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 41 — 1982

WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE NATUURBEWARING

Die Ministersraad het kragtens artikel 84 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), die regulasies uitgevaardig wat in die Bylae vervat is.

## Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 41 — 1982

AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING TO NATURE CONSERVATION

The Council of Ministers has under section 84 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), made the regulations set out in the Schedule.

BYLAE

*Wysiging van Woordbepaling van regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 247 van 1978*

1. Die Woordbepaling van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976 word hierby gewysig —

(a) deur voor die woordbepaling van "Bergsebrapark Naukluft" die volgende woordbepaling in te voeg:

"'beheerde wildproduk' 'n beheerde wildproduk soos omskryf in artikel 1 van die Proklamasie op Beheerde Wildprodukte, 1980 (Proklamasie AG. 42 van 1980);"; en

(b) deur na die woordbepaling van "trofeejagter" die volgende woordbepalings in te voeg:

"'trofeehandelaarslisensie' die lisensie beoog in artikel 36(2A)(b) van die Ordonnansie;

'trofeevervaardigerslisensie' die lisensie beoog in artikel 36(2A)(a) van die Ordonnansie;".

*Invoeging van Hoofstukke XIA en XIB in regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976*

2. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976 word hierby gewysig deur na Hoofstuk XI die volgende Hoofstukke in te voeg:

"HOOFSTUK XIA

TROFEEVERVAARDIGERS- EN TROFEEHANDELAARSLISENSIES

118A. (1) Aansoek om 'n trofeevervaardigerslisensie word gedoen in die vorm uiteengesit in Bylae A.

(2) 'n Trofeevervaardigerslisensie word uitgereik slegs aan iemand —

(a) wat na die mening van die Ministersraad oor die vermoë beskik om artikels van hoë gehalte uit trofeë te vervaardig; en

SCHEDULE

*Amendment of Definitions of regulations published under Government Notice 240 of 1976, as amended by Government Notice 247 of 1978*

1. The Definitions of the regulations published under Government Notice 240 of 1976 is hereby amended —

(a) by the insertion before the definition of "Naukluft Mountain Zebra Park" of the following definition:

"'controlled game product' means a controlled game product as defined in section 1 of the Controlled Game Products Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 42 of 1980);"; and

(b) by the insertion after the definition of "trophy hunter" of the following definitions:

"'trophy dealer's licence' means the licence contemplated in section 36(2A)(b) of the Ordinance;

'trophy manufacturer's licence' means the licence contemplated in section 36(2A)(a) of the Ordinance;".

*Insertion of Chapters XIA and XIB in regulations published under Government Notice 240 of 1976*

2. The regulations published under Government Notice 240 of 1976 is hereby amended by the insertion after Chapter XI of the following Chapters:

"CHAPTER XIA

TROPHY MANUFACTURER'S AND TROPHY DEALER'S LICENCES

118A. (1) Application for a trophy manufacturer's licence shall be made in the form set out in Schedule A.

(2) A trophy manufacturer's licence shall be issued only to a person —

(a) who, in the opinion of the Council of Ministers, is capable of manufacturing articles of high quality from trophies; and

(b) wat die houer is van 'n Algemene Handelaarslisensie bedoel in Item 9 van Deel I van die Eerste Bylae by die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie 13 van 1935).

(3) Die Direkteur kan enigiemand wat om 'n trofeevervaardigerslisensie aansoek doen, op die wyse wat hy goedvind toets of laat toets ten einde te bepaal of hy oor die vermoë beskik om artikels van hoë gehalte uit trofeë te vervaardig en kan aanbevelings in daardie verband aan die Ministersraad doen.

(4) 'n Trofeevervaardigerslisensie —

(a) word uitgereik teen betaling van 'n bedrag van vyftig rand;

(b) word aldus uitgereik in die vorm uiteengesit in Bylae B;

(c) is nie oordraagbaar nie;

(d) is geldig vir die tydperk van die eerste dag van April in enige jaar tot die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar of indien dit uitgereik word na die eerste dag van April in enige jaar, maar voor die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar, vanaf die dag van uitreiking tot bedoelde een-en-dertigste dag van Maart;

(e) kan jaarliks hernieu word teen betaling van 'n bedrag van vyftig rand;

(f) magtig die houer van sodanige lisensie om die besigheid deur sodanige lisensie gemagtig te bedryf slegs op die perseel in die lisensie vermeld.

118B. (1) Die houer van 'n trofeevervaardigerslisensie moet 'n register byhou waarin daagliks nadat opgehou is om sake te doen, aangeteken moet word —

(a) ten opsigte van elke onverwerkte trofee deur hom verkry wat 'n beheerde wildproduk is —

(i) die soort trofee aldus verkry;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee aldus verkry;

(iii) elke syfer en elke letter wat op elke sodanige trofee voorkom;

(b) who is the holder of a General Dealer's Licence referred to in Item 9 of Part I of the First Schedule to the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935).

(3) The Director may test any person who applies for a trophy manufacturer's licence in such manner as he may deem fit, or cause such person to be so tested in order to determine whether he is capable of manufacturing articles of high quality from trophies and may make recommendations to the Council of Ministers in that regard.

(4) A trophy manufacturer's licence —

(a) shall be issued against payment of an amount of fifty rand;

(b) shall be so issued in the form set out in Schedule B;

(c) shall not be transferable;

(d) shall be valid for the period from the first day of April in any year until the thirty-first day of March in the succeeding year or, if issued after the first day of April in any year but before the thirty-first day of March in the succeeding year, from the day of issue until the said thirty-first day of March;

(e) may be renewed anually against payment of an amount of fifty rand;

(f) authorises the holder of such licence to carry on the business authorised by such licence on the premises mentioned in such licence only.

118B. (1) The holder of a trophy manufacturer's licence shall keep a register in which there shall be entered daily after the close of business —

(a) in respect of every unadapted trophy acquired by him which is a controlled game product —

(i) the kind of trophy so acquired;

(ii) the number of every such kind of trophy so acquired;

(iii) every figure and every letter appearing on such trophy;

(iv) die naam en woonadres van die persoon van wie elke sodanige trofee verkry is;

(v) die datum waarop elke sodanige trofee verkry is;

(vi) die nommer van die permit waarkragtens die persoon van wie elke sodanige trofee ontvang is, sodanige trofee mag besit het;

(b) ten opsigte van elke onverwerkte trofee deur hom verkry wat nie 'n beheerde wildproduk is nie —

(i) die soort trofee aldus verkry;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee aldus verkry;

(iii) die naam en woonadres van die persoon van wie elke sodanige trofee verkry is;

(iv) die datum waarop elke sodanige trofee verkry is;

(v) in die geval van enige sodanige trofee wat die rou vel van spesiaal beskermde of beskermde wild is, die nommer van die in artikel 50A van die Ordonnansie bedoelde permit waarkragtens hy sodanige trofee mag besit;

(c) ten opsigte van elke in paragraaf (a) of (b) bedoelde trofee wat deur hom verwerk is —

(i) die soort trofee aldus verwerk;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee aldus verwerk;

(iii) elke soort artikel uit sodanige trofee vervaardig;

(iv) die aantal van elke sodanige soort artikel uit sodanige trofee vervaardig;

(v) die soort en aantal van elke in subparagraaf (iii) bedoelde artikel deur hom verkoop;

(d) ten opsigte van elke in paragraaf (a) of (b) bedoelde trofee wat in onverwerkte vorm deur hom verkoop of op enige ander wyse van die hand gesit of vervreem is —

(i) die soort trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem;

(iv) the name and residential address of the person from whom every such trophy was acquired;

(v) the date on which such trophy was acquired;

(vi) the number of the permit under which the person from whom every such trophy was acquired, had been allowed to possess such trophy;

(b) in respect of every unadapted trophy acquired by him which is not a controlled game product —

(i) the kind of trophy so acquired;

(ii) the number of every such kind of trophy so acquired;

(iii) the name and residential address of the person from whom every such trophy was acquired;

(iv) the date on which every such trophy was acquired;

(v) in the case of any such trophy which is the raw skin of specially protected or protected game, the number of the permit referred to in section 50A of the Ordinance authorising him to possess such trophy;

(c) in respect of every trophy referred to in paragraph (a) or (b) which had been adapted by him —

(i) the kind of trophy so adapted;

(ii) the number or every such kind of trophy so adapted;

(iii) every kind of article manufactured from such trophy;

(iv) the number of every such kind of article manufactured from such trophy;

(v) the kind and number of every article referred to in subparagraph (iii) sold by him;

(d) in respect of every trophy referred to in paragraph (a) or (b) sold or otherwise disposed of or alienated by him in its unadapted form —

(i) the kind of trophy so sold, disposed of or alienated;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem;

(iii) elke syfer en elke letter wat op elke sodanige trofee wat 'n beheerde wildproduk is, voorkom;

(iv) die naam en woonadres van die persoon aan wie sodanige trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem is;

(v) indien sodanige trofee 'n beheerde wildproduk is, die nommer van die permit wat die persoon aan wie sodanige trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem is, magtig om sodanige trofee te besit;

(vi) indien sodanige trofee verkoop is, die nommer van die faktuur wat op sodanige verkoping betrekking het of, indien dit nie verkoop is nie, die wyse waarop dit van die hand gesit of vervreem is.

(2) (a) Die in subregulasie (1) bedoelde register moet in boekvorm gebind wees en die bladsye daarvan moet numeries genommer wees en dit moet aan die Direkteur voorgelê word voordat daar met die byhou daarvan begin moet word.

(b) Die Direkteur kan enige veranderinge wat hy nodig ag aan enige register ingevolge paragraaf (a) aan hom voorgelê, gelas.

(3) By die aantekening van die soort van enige trofee ingevolge hierdie regulasie, moet —

(a) dié liggaamsdeel in die omskrywing van "trofee" in artikel 1 van die Ordonnansie vermeld, wat die trofee uitmaak; en

(b) die soort wild waarvan dit so 'n liggaamsdeel is,

opgeteken word.

118C. (1) Aansoek om 'n trofeehandelaarslisensie word gedoen in die vorm uiteengesit in Bylae A.

(2) 'n Trofeehandelaarslisensie word uitgereik slegs aan iemand wat die houer is van 'n Algemene Handelaarslisensie bedoel in Item 9 van Deel I van die Eerste Bylae by die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie 13 van 1935).

(ii) the number of every such kind of trophy so sold, disposed of or alienated;

(iii) every figure and every letter appearing on every such trophy which is a controlled game product;

(iv) the name and residential address of the person to whom such trophy was so sold, disposed of or alienated;

(v) if such trophy is a controlled game product, the number of the permit authorising the person to whom such trophy was so sold, disposed of or alienated, to possess such trophy;

(vi) if such trophy was sold, the number of the invoice which refers to such sale or, if it was not sold, the manner in which it was disposed of or alienated.

(2) (a) The register referred to in subregulation (1) shall be bound in book form and the pages thereof shall be numbered numerically and it shall be submitted to the Director before the keeping thereof is to be commenced.

(b) The Director may order any changes which he deems necessary to any register submitted to him in terms of paragraph (a).

(3) When the kind of any trophy is entered in terms of this regulation —

(a) that part of the body mentioned in the definition of "trophy" in section 1 of the Ordinance which constitutes such trophy; and

(b) the kind of game of which it is such a part of the body,

shall be recorded.

118C. (1) Application for a trophy dealer's licence shall be made in the form set out in Schedule A.

(2) A trophy dealer's licence shall be issued only to a person who is the holder of a General Dealer's Licence referred to in Item 9 of Part I of the First Schedule to the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935).

(3) 'n Trofeehandelaarslisensie —

(a) word uitgereik teen betaling van 'n bedrag van tweehonderd rand;

(b) word aldus uitgereik in die vorm uiteengesit in Bylae B;

(c) is nie oordraagbaar nie;

(d) is geldig vir die tydperk van die eerste dag van April in enige jaar tot die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar of indien dit uitgereik word na die eerste dag van April in enige jaar, maar voor die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar, vanaf die dag van uitreiking tot bedoelde een-en-dertigste dag van Maart;

(e) kan jaarliks hernieu word teen betaling van 'n bedrag van tweehonderd rand;

(f) magtig die houer van sodanige lisensie om die besigheid deur sodanige lisensie gemagtig te bedryf slegs op die perseel in die lisensie vermeld.

118D. (1) Die houer van 'n trofeehandelaarslisensie moet 'n register byhou waarin daagliks nadat opgehou is om sake te doen, aangeteken moet word —

(a) ten opsigte van elke trofee deur hom verkry wat 'n beheerde wildproduk is en elke verwerkte trofee deur hom verkry wat uit 'n beheerde wildproduk vervaardig is —

(i) die soort trofee of verwerkte trofee aldus verkry;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee of verwerkte trofee aldus verkry;

(iii) elke syfer en elke letter wat op elke sodanige trofee of verwerkte trofee voorkom;

(iv) die naam en woonadres van die persoon van wie elke sodanige trofee of verwerkte trofee verkry is;

(v) die datum waarop elke sodanige trofee of verwerkte trofee verkry is;

(vi) in die geval van so 'n trofee, die nommer van die permit waarkragtens die persoon van wie sodanige trofee verkry is, sodanige trofee mag besit het;

(3) A trophy dealer's licence —

(a) shall be issued against payment of an amount of two hundred rand;

(b) shall be so issued in the form set out in Schedule B;

(c) shall not be transferable;

(d) shall be valid for the period from the first day of April in any year until the thirty-first day of March in the succeeding year or if issued after the first day of April in any year but before the thirty first day of March in the succeeding year, from the day of issue until the said thirty-first day of March;

(e) may be renewed anually against payment of an amount of two hundred rand;

(f) authorises the holder of such licence to carry on the business authorised by such licence on the premises mentioned in such licence only.

118D. (1) The holder of a trophy dealer's licence shall keep a register in which there shall be entered daily after the close of business —

(a) in respect of every trophy acquired by him which is a controlled game product and every adapted trophy acquired by him which had been manufactured from a controlled game product —

(i) the kind of trophy or adapted trophy so acquired;

(ii) the number of every such kind of trophy or adapted trophy so acquired;

(iii) every figure and every letter appearing on every such trophy or adapted trophy;

(iv) the name and residential address of the person from whom every such trophy or adapted trophy was acquired;

(v) the date on which such trophy or adapted trophy was acquired;

(vi) in the case of any such trophy, the number of the permit under which the person from whom such trophy was acquired had been allowed to possess such trophy;

(b) ten opsigte van elke trofee en elke verwerkte trofee deur hom verkry wat nie 'n beheerde wildproduk is of daaruit vervaardig is nie —

(i) die soort trofee of verwerkte trofee aldus verkry;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee of verwerkte trofee aldus verkry;

(iii) die naam en woonadres van die persoon van wie elke sodanige trofee of verwerkte trofee verkry is;

(iv) die datum waarop elke sodanige trofee of verwerkte trofee verkry is;

(v) in die geval van enige sodanige trofee of verwerkte trofee wat die vel van spesiaal beskermde of beskermde wild is of daaruit vervaardig is, die nommer van die in artikel 50A van die Ordonnansie bedoelde permit waarkragtens hy sodanige trofee of verwerkte trofee mag besit;

(c) ten opsigte van elke in paragraaf (a) of (b) bedoelde verwerkte trofee wat deur hom verkoop of op enige ander wyse van die hand gesit of vervreem is —

(i) die soort verwerkte trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem;

(ii) die aantal van elke sodanige soort verwerkte trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem;

(iii) in die geval van elke sodanige verwerkte trofee wat uit 'n beheerde wildproduk vervaardig is —

(aa) elke syfer en elke letter wat op sodanige verwerkte trofee voorkom;

(bb) die naam en woonadres van die persoon aan wie sodanige verwerkte trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem is;

(d) ten opsigte van elke in paragraaf (a) of (b) bedoelde trofee wat in onverwerkte vorm deur hom verkoop of op enige ander wyse van die hand gesit of vervreem is —

(b) in respect of every trophy and every adapted trophy acquired by him which is not a controlled game product or had not been manufactured from a controlled game product —

(i) the kind of trophy or adapted trophy so acquired;

(ii) the number of any such kind of trophy or adapted trophy so acquired;

(iii) the name and residential address of the person from whom every such trophy or adapted trophy was acquired;

(iv) the date on which every such trophy or adapted trophy was acquired;

(v) in the case of any such trophy or adapted trophy which is the skin or is manufactured from the skin of specially protected or protected game, the number of the permit referred to in section 50A of the Ordinance authorising him to possess such trophy or adapted trophy;

(c) in respect of every adapted trophy referred to in paragraph (a) or (b) sold or otherwise disposed of or alienated by him —

(i) the kind of adapted trophy so sold, disposed of or alienated;

(ii) the number of every such kind of adapted trophy so sold, disposed of or alienated;

(iii) in the case of every such adapted trophy manufactured from a controlled game product —

(aa) every figure and every letter appearing on such adapted trophy;

(bb) the name and residential address of the person to whom such adapted trophy had been so sold, disposed of or alienated;

(d) in respect of every trophy referred to in paragraph (a) or (b) sold or otherwise disposed of or alienated by him in its unadapted form —

(i) die soort trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem;

(ii) die aantal van elke sodanige soort trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem;

(iii) elke syfer en elke letter wat op elke sodanige trofee wat 'n beheerde wildproduk is, voorkom;

(iv) die naam en woonadres van die persoon aan wie sodanige trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem is;

(v) indien sodanige trofee 'n beheerde wildproduk is, die nommer van die permit wat die persoon aan wie sodanige trofee aldus verkoop, van die hand gesit of vervreem is, magtig om sodanige trofee te besit;

(vi) indien sodanige trofee verkoop is, die nommer van die faktuur wat op sodanige verkoping betrekking het of, indien dit nie verkoop is nie, die wyse waarop dit van die hand gesit of vervreem is;

(2) (a) Die in subregulasie (1) bedoelde register moet in boekvorm gebind wees en die bladsye daarvan moet numeries genommer wees en dit moet aan die Direkteur voorgelê word voordat daar met die byhou daarvan begin moet word.

(b) Die Direkteur kan enige veranderinge wat hy nodig ag aan enige register ingevolge paragraaf (a) aan hom voorgelê, gelas.

(3) By die aantekening van die soort van enige trofee ingevolge hierdie regulasie, moet —

(a) die liggaamsdeel in die omskrywing van "trofee" in artikel 1 van die Ordonnansie vermeld, wat die trofee uitmaak; en

(b) die soort wild waarvan dit so 'n liggaamsdeel is,

opgeteken word.

(i) the kind of trophy so sold, disposed of or alienated;

(ii) the number of every such kind of trophy so sold, disposed of or alienated;

(iii) every figure and every letter appearing on every such trophy which is a controlled game product;

(iv) the name and residential address of the person to whom such trophy was so sold, disposed of or alienated;

(v) if such trophy is a controlled game product, the number of the permit authorising the person to whom such trophy was so sold, disposed of or alienated, to possess such trophy;

(vi) if such trophy was sold, the number of the invoice which refers to such sale, or, if it was not sold, the manner in which it was disposed of or alienated.

(2) (a) The register referred to in subregulation (1) shall be bound in book form and the pages thereof shall be numbered numerically and it shall be submitted to the Director before the keeping thereof is to be commenced.

(b) The Director may order any changes which he deems necessary to any register submitted to him in terms of paragraph (a).

(3) When the kind of any trophy is entered in terms of this regulation —

(a) that part of the body mentioned in the definition of "trophy" in section 1 of the Ordinance which constitutes such trophy; and

(b) the kind of game of which it is such a part of the body,

shall be recorded.

118E. Die houer van elke trofeevervaardigerslisensie en elke trofeehandelaarslisensie moet alle trofeë en alle verwerkte trofeë in sy besit, behalwe enige sodanige trofeë en verwerkte trofeë wat vir verkoop uitgestal word in 'n toonvenster of in enige vertrek wat spesiaal vir die behartiging van verkope afgesonder is, volgens hulle soorte bymekaar pak op so 'n wyse dat dit maklik getel en geïnspekteer kan word.

118E. The holder of every trophy manufacturer's licence and every trophy dealer's licence shall pack all trophies and all adapted trophies in his possession, except any such trophies and adapted trophies displayed for sale in any display-window or in any room specially set apart for the carrying out of sales, together according to their kinds in such a manner that it can be counted and inspected easily.

118F. (1) Wanneer die houer van 'n trofeevervaardigerslisensie enige artikel uit 'n olifanttand of 'n gedeelte van 'n olifanttand vervaardig, moet hy —

(a) op daardie artikel 'n etiket aanbring waarop vermeld word dat daardie artikel uit egte olifanttand vervaardig is; en

(b) waar die vervaardiging van die betrokke artikel die uitsny of uitkerf van enigiets op bedoelde olifanttand of gedeelte van 'n olifanttand behels ook sy naam of 'n merk wat vir dié doel deur die Direkteur goedgekeur is, daarop uitsny of uitkerf.

118F. Whenever the holder of any trophy manufacturer's licence manufactures any article from an elephant tusk or any part of an elephant tusk, he shall —

(a) attach to such article a label stating that that article was manufactured from genuine elephant tusk; and

(b) where the manufacture of the article concerned comprises the cutting out or carving out of anything on the said elephant tusk or part of an elephant tusk, also cut out or carve out thereon his name or a mark approved for that purpose by the Director.

118G. Wanneer die houer van 'n trofeevervaardigerslisensie of 'n trofeehandelaarslisensie 'n olifanttand aan iemand verkoop, hetsy sodanige olifanttand in enige opsig verwerk is of geheel en al onverwerk is, moet hy aan die persoon aan wie hy sodanige olifanttand verkoop 'n sertifikaat oorhandig waarin —

(a) vermeld word of sodanige olifanttand ten tyde van sodanige verkoop onverwerk of in enige opsig verwerk is;

(b) die massa van sodanige olifanttand vermeld word;

(c) elke syfer en elke letter wat op sodanige olifanttand voorkom, vermeld word;

(d) indien sodanige olifanttand in enige opsig verwerk is, 'n beskrywing van sodanige verwerking gegee word.

118G. Whenever the holder of a trophy manufacturer's licence or a trophy dealer's licence sells an elephant tusk to any person whether such elephant tusk is totally unadapted or has been adapted in any respect, he shall deliver to the person to whom he sells such elephant tusk a certificate —

(a) stating whether such elephant tusk at the time of such sale is unadapted or has been adapted in any respect;

(b) stating the mass of such elephant tusk;

(c) stating every figure and every letter appearing on such elephant tusk;

(d) in which, if such elephant tusk has been adapted in any respect a description of such adaptation is given.

118H. Die houer van 'n trofeevervaardigerslisensie of 'n trofeehandelaarslisensie wat 'n trofee wat 'n beheerde wildproduk of rou vel van spesiaal beskermde of beskermde wild is, verkoop of op enige ander wyse van die hand sit of vervreem, moet, ten tyde van die oorhandiging van sodanige trofee, die permit waarkragtens hy sodanige trofee mag besit, aan die persoon aan wie hy dit oorhandig, voorlê en hom versoek om in ink of inkpotlood —

118H. The holder of any trophy manufacturer's licence or any trophy dealer's licence who sells or otherwise disposes of or alienates any trophy which is a controlled game product or the raw skin of any specially protected or protected game shall, at the time of delivery of such trophy submit the permit authorising him to possess such trophy to the person to whom he delivers it and request him to endorse on the back of such permit in ink or ink pencil —

(a) die soort sodanige trofee aldus oorhandig;

(b) die aantal van elke sodanige soort trofee aldus oorhandig;

(c) sy volledige woonadres; en

(d) die datum van sodanige oorhandiging,

agterop sodanige permit aan te bring en sy naam daarby te teken.

118I. Die houer van 'n trofeevervaardigerslisensie of 'n trofeehandelaarslisensie mag nie 'n trofee wat 'n beheerde wildproduk is aan 'n ander persoon oorhandig nie, tensy daardie ander persoon in besit is van 'n permit uitgereik kragtens artikel 2 van die Proklamasie op Beheerde Wildprodukte, 1980 (Proklamasie AG. 42 van 1980), wat daardie ander persoon magtig om sodanige trofee te besit en sodanige permit aan hom toon.

HOOFSTUK XIB

VOORWAARDES VIR UITVOER VAN TROFEË

118J. (1) Iemand wat trofeë uit die gebied uitvoer, moet, indien sodanige trofeë in 'n houer verpak word —

(a) alle trofeë van elke bepaalde soort bymekaar en afsonderlik van elke ander soort trofeë in sodanige houer verpak;

(b) die nommer en datum van die toestemming bedoel in artikel 36(2) van die Ordonnansie wat hom magtig om sodanige trofeë aldus uit te voer, op 'n opsigtelike plek op sodanige houer aanbring;

(c) benewens die ander dokumente en inligting wat in sodanige houer is of moet wees, in sodanige houer 'n dokument plaas waarin —

(i) die naam en adres van die persoon deur wie die trofeë versend word;

(ii) die naam en adres van die persoon aan wie die trofeë versend word;

(iii) die soorte trofeë wat in die houer verpak is en die aantal van elke sodanige soort; en

(a) the kind of such trophy so delivered;

(b) the number of every such kind of trophy so delivered;

(c) his full residential address; and

(d) the date of such delivery,

and to sign his name next to it.

118I. The holder of any trophy manufacturer's licence or any trophy dealer's licence shall not deliver any trophy which is a controlled game product to any other person unless such other person is in possession of a permit issued under section 2 of the Controlled Game Products Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 42 of 1980), authorising such other person to possess such trophy and shows such permit to him.

CHAPTER XIB

CONDITIONS FOR EXPORT OF TROPHIES

118J. (1) Any person who exports trophies from the territory shall, if such trophies is being packed in a container —

(a) pack all trophies of every particular kind together and separately from every other kind of trophies in such container;

(b) endorse the number and date of the permission referred to in section 36(2) of the Ordinance authorising him so to export such trophies in a conspicuous place on such container;

(c) in addition to such other documents and information as is or has to be in such container, put in such container a document stating —

(i) the name and address of the person transmitting such trophies;

(ii) the name and address of the person to whom such trophies are being transmitted;

(iii) the kinds of trophies packed in the container and the number of every such kind; and

(iv) die nommer en datum van die toestemming bedoel in artikel 36(2) van die Ordonnansie wat hom magtig om sodanige trofeë aldus uit te voer,

vermeld word en wat deur die persoon deur wie die trofeë versend word, onderteken is.

(2) By die vermelding van die soort van enige trofeë ingevolge hierdie regulasie moet —

(a) dié liggaamsdeel in die omskrywing van "trofee" in artikel 1 van die Ordonnansie vermeld wat die trofeë uitmaak; en

(b) die soort wild waarvan dit so 'n liggaamsdeel is,

aldus vermeld word.

118K. (1) Die in artikel 36(2) van die Ordonnansie beoogde toestemming om trofeë uit die gebied uit te voer, word uitgereik teen betaling van die toepaslike bedrag in Bylae C vermeld.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing nie op trofeë —

(a) van probleemdiere;

(b) van wild wat kragtens 'n permit verleen ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie ter wille van trofeë gejag is;

(c) aan wildkarkasse wat ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie uit die gebied uitgevoer word.".

*Byvoeging van Bylaes A, B en C by regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1976*

3. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 240 van 1970 word hierby gewysig deur die volgende Bylaes by te voeg:

(iv) the number and date of the permission referred to in section 36(2) of the Ordinance authorising him so to export such trophies

and signed by the person transmitting the trophies.

(2) When stating the kind of any trophy in terms of this regulation —

(a) that part of the body mentioned in the definition of "trophy" in section 1 of the Ordinance which constitutes such trophy; and

(b) the kind of game of which it is such a trophy,

shall be so stated.

118K. (1) The permission to export trophies from the territory contemplated in section 36(2) of the Ordinance shall be issued against payment of the appropriate amount mentioned in Schedule C.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not apply to any trophies —

(a) of problem animals;

(b) of game hunted for the sake of trophies under a permit granted in terms of section 36 of the Ordinance;

(c) on game carcasses exported from the territory in accordance with the provisions of the Ordinance.".

*Addition of Schedules A, B and C to regulations published under Government Notice 240 of 1976*

3. The regulations published under Government Notice 240 of 1976 is hereby amended by the addition of the following Schedules:

"BYLAE A / SCHEDULE A

DEPARTEMENT LANDBOU EN NATUURBEWARING / DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

Aansoek om 'n trofeevervaardigers-/trofeehandelaarslisensie/Application for a trophy manufacturer's/trophy dealer's licence

Jaar of tydperk eindigende:
Year or period ending : 31 Maart / March 19......

Naam van applikant:
Name of Applicant : ..............................................................................

Posadres :
Postal address: ..............................................................................

Woonadres :
Residential address: ..............................................................................

Perseel waarop trofeë vervaardig/verkoop sal word:
Premises where trophies will be manufactured/sold: ..................... .............................

Nommer van algemene handelaarslisensie:
Number of general dealer's licence: ..............................................................................

Rakspasie beskikbaar vir berging van trofeë (in meter):
Rackspace available for storing trophies (in metres) : ......................................

Vloerspasie beskikbaar (vk meter):
Floorspace available (sq metres) : ..............................................................................

NB 1. 'n Gewaarmerkte afskrif of fotostaat van die algemene handelaarslisensie sowel as 'n sertifikaat van die Munisipaliteit dat trofeë op die betrokke perseel geberg en verwerk mag word, moet die aansoek vergesel.

.../...

BYLAE B / SCHEDULE B

DEPARTEMENT LANDBOU EN NATUURBEWARING / DEPARTMENT
OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

Trofeevervaardigers-/Trofeehandelaarslisensie / Trophy manufacturer's/Trophy dealer's licence

Uitgereik aan:
Issued to : ..........................................................................................

Posadres: :
Postal address: ..........................................................................................

Woonadres:
Residential address: ..........................................................................................

Plek waar besigheid bedryf word (bv. Erf of Plot nr.):
Place where business will be carried on (eg. Lot or Plot no.): ..........................................................

Besonderhede van lisensie:
Particulars of Licence: ..........................................................................................

Bedrag betaal (in woorde):
Amount paid (in words) : ..........................................................................................

R ____________________________________________

.......................................
LISENSIEBEAMPTE / LICENSING OFFICER

1. A certified copy or photostate of the general dealer's licence as well as a certificate of the Municipality that trophies may be stored and manufacuted on the premises concerned must accompany the application.

2. 'n Sertifikaat waarin die applikant aandui hoe lank hy reeds artikels uit trofeë vervaardig, watter soorte artikels hy vervaardig of vervaardig het en watter hy beoog om uit trofeë te vervaardig, moet ook by die aansoek aangeheg word.

2. A certificate stating the applicant's previous experience in the manufacture of articles from trophies, the kinds of articles manufactured or being manufactured, and the kinds of articles to be manufactured shall also accompany the application.

..........................
HANDTEKENING VAN APPLIKANT
SIGNATURE OF APPLICANT

..........................
DATUM / DATE

BYLAE C

UITVOERHEFFING OP ONVERWERKTE TROFEË VAN WILD OF WILDE DIERE

| DIERSOORT | SLEGS SKEDEL | SLEGS HORINGS. | SKEDEL MET HORINGS | TANDE | VEL | NAEL, HOEF, POOT OF DOP |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Enige spleethoewige dier so groot soos of groter as 'n hartbees | - | R25,00 | R25,00 | - | R0,40 | - |
| Enige spleethoewige dier kleiner as 'n hartbees | - | R12,50 | R12,50 | slegs vlakvarke R0,20 | R0,30 | R1,00/kg of gedeelte van 'n kg |
| Olifant, renoster of seekoei | - | R1,00/kg of gedeelte van 'n kg | R1,00/kg of gedeelte van 'n kg | slegs olifante en seekoeie R1,00 R1,00 | R0,02/kg | R1,00/kg of gedeelte van 'n kg |
| Sebra | - | - | - | - | R5,00 | 10c |
| Slang | - | - | - | - | R1,00 | - |
| Krokodil | R0,50 | - | - | - | R3,00 | - |
| Volstruis | - | - | - | - | R3,50 | 20c |
| Leeu | R1,00 | - | - | - | R10,00 | - |
| Luiperd of jagluiperd | R1,00 | - | - | - | R7,50 | - |
| Enige ander roofdier | R0,50 | - | - | - | R2,00 | - |
| Enige ander wilde dier, uitgesonderd | | - | - | - | R1,00 | R1,00 |

SCHEDULE C

EXPORT LEVY ON UNPROCESSED TROPHIES OF GAME AND WILD ANIMALS

| KIND OF ANIMAL | SKULL ONLY | HORNS ONLY | SKULL WITH HORNS | TEETH | SKIN | NAIL, HOOF, PAW OR SHELL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Any cloven-footed animal as big as or bigger than a hartebeest | - | R25,00 | R25,00 | - | R0,40 | - |
| Any cloven-footed animal smaller than a hartebeest | - | R12,50 | R12,50 | warthogs only R0,20/kg | R0,30 | R1,00/kg or part of a kg |
| Elephant, rhinoceros or hippopotamus | - | R1,00/kg or part of a kg | R1,00/kg or part of a kg. | only elephant and hippopotamus R1,00 | R0,02/kg | R1,00/kg or part of a kg |
| Zebra | - | - | - | - | R5,00 | 10c |
| Snake | - | - | - | - | R1,00 | - |
| Crocodile | R0,50 | - | - | - | R3,00 | - |
| Ostrich | - | - | - | - | R3,50 | 20c |
| Lion | R1,00 | - | - | - | R10,00 | - |
| Leopard or cheetah | R1,00 | - | - | - | R7,50 | - |
| Any other predator | R0,50 | - | - | - | R2,00 | - |
| Any other wild animal, except rodents | - | - | - | - | R1,00 | R1,00 |